SACAI

AFDELING C

GRAAD 12

EKSAMENRIGLYNE

VERBRUIKERSTUDIES

2016

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

INHOUDSOPGAWE

1.1	Inleiding en doel	p 3
2.1	Struktuur van Verbruikerstudies vraestel	p 3
2.2	Kognitiewe vlakke van vraestelle	p 4
2.3	Kognitiewe vereistes	p 4
2.4	Formaat van die vraestel	p 6
3	Voorbereiding vir die vraestel	p 14
4	Verskillende tipes vrae	p 14

EKSAMENRIGLYNE: VERBRUIKERSTUDIES

1. INLEIDING EN DOEL

Die doel van die riglyne is om onderwysers en leerders in hul voorbereiding vir die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen vir Verbruikerstudies by te staan.

Hierdie riglyne moet saam met die Kurrikulum-en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Verbruikerstudies gebruik word.

Die goedgekeurde handboeke is:

- Verken Verbruikerstudies Graad 10 - 12
- Oxford Suksesvolle Verbruikerstudies Graad 10 - 12

Die sertifiseringspunt vir Verbruikerstudies bestaan uit die onderstaande (p 61 KABV):

- Skoolgebaseerde assessering (25%)
- Praktiese Assesseringstaak (25%)
- Teorie eksamenpunt (50%)

Die instruksies vir die Praktiese Assesseringstaak en die teorie eksamen vraestel word deur SACAI opgestel.

Onderwysers en leerders moet tred hou met huidige tendense/kwessies/ontwikkelings in die vak om te verseker dat hulle goed toegerus is om die vakinhoud te verstaan.

2.1 STRUKTUUR VAN DIE VERBRUIKERSTUDIES VRAESTEL vir GRAAD 12 (p 63 KABV)

1. Die Verbruikerstudies eksamen bestaan uit een drie uur vraestel van 200 punte.
2. Daar is SES VERPLIGTE vrae wat al die onderwerpe dek.
3. Toepaslike gevallestudies, scenarios, spotprente, grafieke, prentjies, etikette, resepte, spyskaarte en ander bronne sal gebruik word..

	Inhoud	Punte per vraag	Persentasie per vraestel
Vraag 1	Kort Vrae (alle onderwerpe)	40	20
Vraag 2	Die Verbruiker	20	10
Vraag 3	Voedsel en Voeding	40	20
Vraag 4	Kleding	20	10
Vraag 5	Behuising	40	20
Vraag 6	Entrepreneurskap	40	20
TOTAAL		**200**	**100**

Elke onderwerp het onderafdelings e.g.

ONDERWERP	ONDERAFDELINGS
Entrepreneurskap	Beweeg van ‘n idée na die vervaardiging en bemarking van ‘n produk. Faktore om te oorweeg in die entrepreneur se keuse van ‘n geskikte produk vir kleinskaalse produksie Faktore wat die doeltreffende produksie van gehalte produkte beïnvloed. Ontwikkel ‘n bemarkingsplan volgens die 5P-bemarkingstrategie Doen ‘n uitvoerbaarheidstudie om die volhoubare winsgewendheid te bepaal

Al die onderafdelings kan nie in elke eksamen getoets word nie, maar dit behoort oor ‘n siklus van drie jaar getoets te word.
Onderwysers moet hou by die KABV vereistes en hul daarvan weerhou om leerders af te rig oor onderwerpe wat hulle voorspel het.

2.2 KOGNITIEWE VLAKKE VAN VRAE

Die eksamen vraestel maak voorsiening vir ‘n reeks **kognitiewe vlakke** en **verskillende moeilikheidsgrade/kognitiewe eise**. Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV p 62) verskaf ’n indeling van die verskillende kognitiewe vlakke van die vrae.

Kognitiewe vlak	Punte	Persentasie per vraestel
Laer orde: onthou	60	30
Middel orde: verstaan, toepas	100	50
Hoër orde: analiseer, evalueer en skep	40	20
TOTAAL	**200**	**100**

2.3 KOGNITIEWE VEREISTES

Die Kognitiewe vereistes verwys na die **moeilikheidsgraad** van die vraestel. Wanneer die vraestel opgestel word, word ‘n analise gedoen om te verseker dat die gewigswaarde voldoen aan die vereistes van die Kurrikulum-en assesseringsbeleidsverklaring (KBV).

Die verspreiding van die Kognitiewe vlakke en moeilikheidsgraad sal nie net duidelik wees in die vraestel as geheel nie, maar ook in ELKE vraag in die vraestel.

VOORBEELD/RIGLYN PER VRAAG

KOGNITIEWE VLAK	KOGNITIEWE VEREISTE	(%)	TOTAAL 40	TOTAAL 20
Laer orde: onthou	Maklik, matig, moeilik	30%	12 punte	6 punte
Middel orde: verstaan, toepas	Maklik, matig, moeilik	50%	20 punte	20 punte
Hoër orde: analiseer, evalueer, skep	Maklik, matig, moeilik	20%	8 punte	4 punte
TOTAAL:		**100%**	**40 punte**	**20 punte**

VOORBEELDE VAN VRAE MET VERSKILLENDE KOGNITIEWE VLAKKE EN KOGNITIEWE VEREISTES

Laer orde/maklik

Noem die VYF stadia van die modesiklus. (5)

Laer orde /matig

Verduidelik hoe jy sal weet dat 'n mode-item minder populêr word wanneer jy inkopies doen (3)

Laer orde/moeilik

Noem DRIE kanale vir verbruikersklagtes wat 'n verbruiker kan kontak in verband met misleidende beskrywings op voedseletikette. (3)

Middel orde/maklik

Die produksiekoste van een produk is R35.00. Elke produk word teen R60.00 verkoop. Bereken die profyt/wins op EEN produk. Toon alle berekeninge. (2)

Middel orde/matig

Skryf 'n kort paragraaf en bespreek die verskille tussen 'n klassieke mode en 'n modegril. (4)

Middel orde/moeilik

Lees onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg:

> "Toe ek uit die huis getrek het wat ek gehuur het, het die huiseienaar die meeste van my deposito in sy sak gesteek nadat hy die lys van goedere, wat stukkend of verlore was voor ek ingetrek, deurgegaan het. Hy het die stort wat ek op eie koste vervang het afgemerk. Hy verneuk duidelik al sy huurders met dieselfde oorsiglys."
>
> "Hoe verdedig mens jouself teen oneerlike huiseienaars?'
>
> [Brief in "*Business Times"*, 2 Oktober 2011]

4.2.1 Reageer op die skrywer se vraag. (6)

Hoër orde/maklik

Kleding wat deur beroemde persone gedra word, het 'n impak op modeverandering. Lewer kommentaar op hierdie stelling.

(8)

Hoër orde/matig

1. "Hierdie kleinskaalse besigheid staan die gevaar om nie volhoubaar winsgewend te wees nie." (Verwys na die strooibiljet op bladsy 13.)

1.1 Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is.

Hoër orde/moeilik

1.2 Stel DRIE oplossings voor om die volhoubaarheid van hierdie kleinskaalse besigheid te verseker. (Verwys na die advertensie op bladsy 13.)

Om die verspreiding van die kognitiewe vlakke en moeilikheidsgraad te verseker moet ‘n analise vorm voltooi word. Onderwysers moet ‘n analise vorm vir elke toets en eksamen wat hul opstel, voltooi. Sien Bylaag A – voorbeeld van analise vorm.

2.4 FORMAAT VAN VRAESTEL

Daar word NIE ‘n aparte antwoordblad vir vraag 1 (kort vrae) voorsien nie.
ALLE vrae moet in die EKSAMENBOEK beantwoord word.

Die vraestel begin met die volgende instruksies en inligting vir die leerders:

1. Die vraestel bestaan uit SES vrae.

	Inhoud	Puntetoekenning	Tyd (minute)
Vraag 1	Kort vrae (alle onderwerpe)	40	20
Vraag 2	Die Verbruiker	20	20
Vraag 3	Voedsel en Voeding	40	40
Vraag 4	Kleding	20	20
Vraag 5	Behuising	40	40
Vraag 6	Entrepreneurskap	40	40
	TOTAAL:	**200**	**180**

Die tydtoekenning word bygevoeg on leerders te help om hul tyd goed te bestuur, sodat hulle die vraestel in die gegewe tyd kan voltooi.

2. AL die vrae is verpligtend.
3. Beantwoord al die vrae in die EKSAMENBOEK.
4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringsisteem wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy.
6. Jy mag ‘n sakrekenaar gebruik.
7. Skryf slegs met blou of swart ink.
8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

2. Vraag 1 moet soos volg beantwoord word:
   Vraag 1:
   1.1.1 C
   1.1.2 B
   1.1.3 A ens

   Let op dat GEEN lyntjies oopgelaat word nie en die letters moet hoofletters wees. Nadat Vraag 1.1 beantwoord is, word 'n lyn oopgelaat en word Vraag 1.2.beantwoord bv

Vraag 1.2	OF
1.2.1 F	1.2.1 anemie
1.2.2 C ens	1.2.2 cholesterol ens

   Let op dat GEEN lyntjies oopgelaat word en die letters moet hoofletters wees. Nadat Vraag 1.2 beantwoord is, word 'n lyn oopgelaat. Dit is maklik om te sien waar elke onderafdeling van 'n vraag begin en eindig as 'n lyn oopgelaat word nadat die onderafdeling beantwoord is

   Vraag 2: Die Verbruiker
   Hierdie onderwerp staan op sy eie maar kan ook in Voedsel en Voeding, Kleding en Behuising opgeneem word bv 'n gevalle studie/stelling/prentjie/spotprentjie wat die leerder moet interpreteer, kan gegee word en vrae gebaseer op die gegewe inligting sal gevra word.

   VOORBEELDE VAN VRAE:
   Kleding:
   2.1. Gee DRIE riglyne om oor die swak houding van 'n verkoopspersoon in 'n plaaslike klerewinkel te kla. (3)

   Die leerder moet die verbruikersinligting in verband met klagtes gebruik en dit toepas op die inligting in die gevalle studie.

   Behuising:
   2.2. Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vraag:

> "Toe ek uit die huis getrek het wat ek gehuur het, het die huiseienaar die meeste van my deposito in sy sak gesteek nadat hy die lys van goedere, wat stukkend of verlore was voor ek ingetrek, deurgegaan het. Hy het die stort wat ek op eie koste vervang het afgemerk. Hy verneuk duidelik al sy huurders met dieselfde oorsiglys."
>
> "Hoe verdedig mens jouself teen oneerlike huiseienaars?'
>
> [Brief in "*Business Times"*, 2 Oktober 2011]

2.2.1 Reageer op die skrywer se vraag. (6)

Die leerder moet die kennis wat hy/sy het in verband met verbruikersregte het, gebruik en toepas op die probleem in die gevalle studie.

Voedsel en Voeding:

2.3. Verbruikers moet voedseletikette versigtig lees voordat voedsel gekoop word. Verduidelik elk van die onderstaande in verband met die etikettering van voedselprodukte:

2.3.1. Aansprake

2.3.2. “Verkoop-teen datum” en “Beste-voor datum”

Vraag 3: Voedsel en Voeding:
‘n Gevalle studie/stelling/prentjie/spotprentjie/resep/maaltydplan/dieetplan wat die leerder moet interpreteer kan gegee word en vrae gebaseer op die gegewe inligting sal gevra word.

VOORBEELDE VAN VRAE:

3.1. Bestudeer die onderstaande resep en beantwoord die vrae wat volg:

ROLKOEK MET BESSIEVULSEL

3 groot eiers
100 ml strooisuiker
155 ml koekmeelblom
5 ml bakpoeier
5 ml vanieljegeursel

VULSEL:
500 ml vrugte, blokkies gesny (veselperskes, perskes, pere, pruime)
250 g aarbeie, skyfies gesny
200 g lae-vet Griekse vanielje joghurt
15 ml strooisuiker

3.1.1. Gee DRIE redes waarom hierdie resep geskik sal wees vir ‘n persoon wat aan diabetes ly. (3)

3.1.2. Stel veranderinge aan die bogenoemde resep voor om dit geskik te maak vir ‘n persoon wat aan hartsiekte ly. Motiveer die veranderinge wat gemaak word. (8)

3.2. Lees onderstaande gevalle studie en beantwoord die vraag wat volg:

Na ‘n ernstige ongeluk was Mary se ma vir ‘n lang tyd in die hospitaal. Mary moes na haar klein boetie kyk. Mary was net 12 jaar oud. Skielik het sy ‘n vol program gehad omdat sy verantwoordelik was vir die huishouding en ook haar skoolwerk. Sy het haar ma gereeld in die hospital besoek. Sy het selde tyd gehad vir ontbyt en het ‘n versnapering by die skool snoepie gekoop om haar aan die gang te hou. Op haar pad huistoe van die hospital het sy gewoonlik worsbroodjies of pizza vir aandete gekoop. Kort daarna het sy baie moeg begin voel.

3.2.1. Identifiseer VIER moontlik gevolge van hierdie leefstyl op Mary se gesondheid en noem EEN oorsaak van elkeen.

GEVOLGE/SIEKTE	EEN OORSAAK
(a) (b) (c) (d)	(a) (b) (c) (d)

(8)

3.3. Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vraag wat volg:

Die effek van dieetvesel op bloed glukosevlakke



3.3.1. Verduidelik waarom dit voordelig sal wees vir mense wat aan diabetes ly om voedsel met baie dieetvesel te eet.
Die leerder moet weet wat die effek van dieetvesel op die bloedglukosevlakke is en hoe dieetvesel kan help om diabetes te beheer.

3.2. Bespreek die voedselverwante gesondheidsrisikos wat hieronder geïllustreer word:

Die leerders moet die spotprentjie bestudeer:

- Albei persone is oorgewig/ly aan vetsug.
- Daar is ‘n berg voedsel voor hulle – té veel vir twee mense.
- Die voedsel is soos ‘n piramide opgestapel – die voedsel bevat baie vet, koolhidrate (stysel en suiker) en proteïene.
- Hulle moet hulle kennis van die voedsel piramide asook die voedselverwante gesondheidsrisiko’s gebruik om die risiko’s wat voor die handliggend is in die spotprentjie bespreek en redes daarvoor gee.

Vraag 4: Kleding

‘n Gevalle studie/stelling/prentjie/lys vanklere/uitrustings wat die leerder moet interpreteer kan gegee word en vrae gebaseer op die gegewe inligting sal gevra word.

VOORBEELDE VAN VRAE:

4.1 DIe onderstaande grafiek illustreer drie verskillende tipes modes. Identifiseer en verduidelik elke tipe
(A,B,C).



(3 x 2) (6)

4.2. Bestudeer die onderstaande uitrustings vir mans en beantwoord die vraag wat volg:

UITRUSTING A	UITRUSTING B	UITRUSTING C
• Styfpassende, rekbare, lang-mouhemp met luiperd ontwerp • Swart linne onderbaadjie • Swart kant das • Ontwerper denim jeans • Swart skoene	• Bruin Madiba syhemp met lang moue • Swart langbroek • Swart skoene	• Wit langmouhemp • Swart pak met smal strepies • Geblomde das • Swart skoene

4.2.1 Identifiseer die uitrusting wat ‘n voorbeeld van ‘n modegier is. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

4.3. Bestudeer die onderstaande uitrusting wat Thabo werk toe dra. Hy werk vir ‘n korporatiewe maatskappy.



4.3.1 Thabo sal na werk ‘n informele partytjie bywoon. Verduidelik wat hy aan die uitrusting behoort te verander sodat dit by die geleentheid sal pas. (3)

Vraag 5: Behuising

‘n Gevalle studie/stelling/prentjie/advertensie wat die leerder moet interpreteer kan gegee word en vrae gebaseer op die inligting sal gevra word.

VOORBEELDE VAN VRAE

5.1 Bestudeer die onderstaande uittreksel/scenario en beantwoord die vrae wat volg:

‘n Behuisingskompleks het pligte en reëls. Bewapen jouself met inligting in verband met die regspersoon wanneer jy dit oorweeg om eiendom in ‘n behuisingskompleks te koop. [Aangepas uit *Business Times*, 21 Augustus 2011]

5.1.1 Na watter tipe huiseienaarskap word in die uittreksel verwys? (1)

5.1.2 Gee ‘n kort beskrywing van wat die *regspersoon i*s. (2)

5.2 Lees onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Lucky en Nellie het onlangs ‘n lewe saam begin en geniet dit om hul vriende te onthaal. Hulle spaar tans om binne drie jaar ‘n tuiste te koop. Hulle huur ‘n woonstel met ‘n klein kombuisie met spesifieke afmetings van 2 000mm hoog x 620 mm wyd vir die koelkas ruimte. As een van hul korttermyn doelwitte wil Nellie ‘n koelkas koop.

Die onderstaande twee koelkas/vrieskas-kombinasies het in ‘n advertensie van ‘n goed gevestigde handelaar verskyn en albei kom van dieselfde betroubare vervaardiger.

MODEL A Kombi-koelkas/vrieskas	**MODEL B** Kombi-koelkas/vrieskas
A energie gradering	A energie gradering
346 liter	430 liter
Ontvries outomaties	Nie- outomatiese ontvriesing
Verstelbare termostaat	Elektroniese kontrole
24-maandee waarborg	24-maande waarborg
Grootte: 1 740 mm hoog x 600 mm wyd x 618 mm diep	Grootte: 1 881 mm hoog x 595 mm wyd x 646 mm diep
Prys: R3 989,00	Prys: R4 989,00
SABS goedgekeur	SABS goedgekeur

5.2.1 Noem SES maniere hoe elektrisiteit tuis bespaar kan word wanneer ‘n koelkas gebruik word. (6)

5.2.2 Kies die kombi-koelkas/vrieskas wat die mees geskikte keuse vir Nellie sal wees na aanleiding van die onderstaande VYF kriteria:

(a) Beskikbare ruimte in die huis
(b) Impak op die omgewing
(c) Kenmerke/Funksies
(d) Bekostigbaarheid
(e) Kwaliteit

Motiveer jou keuse. (10)

Vraag 6: Entrepreneurskap

'n Gevalle studie/stelling/prentjie/advertensie wat die leerder moet interpreteer kan gegee word en vrae gebaseer op die inligting sal gevra word.

VOORBEELDE VAN VRAE

6.1 Die sukses van 'n kleinskaalse-besigheid hang nie net af van produk opbrengs nie, maar kliëntediens en goeie bemarking moet altyd eerste prioriteit wees. Stel voor hoe die sukses van 'n kleinskaalse-besigheid bereik kan word deur die onderstaande te implementeer:

6.1.1 Goeie kliënte verhoudinge (5)

6.1.2 Bestuur van tyd (3)

6.2 "Die verpakking van 'n produk beïnvloed 'n verbruiker om die produk te koop."

Verdedig hierdie stelling. (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg:

Moeg om koud te wees in die winter?

Verbeel ...

warm ore, nek en hande

en stomende warm sop …

Wat en waar?

- Musse in 'n verskeidenheid kleure @ R45,00 elk
- Bonkige serpe in 'n verskeidenheid kleure @ R60,00 elk
- Warm handskoene @ R50,00 per paar
- Verskeidenheid tuisgemaakte soppe teen R15,00 per bediening

Hierdie produkte kan verkry word by

Winter Warmers

elke Saterdag by die mark

op die dorpsmeent vanaf 09:00–15:00

Koop NOU! Moenie dat nog 'n week verbygaan en jy nie gereed is vir die koue nie! Jy verdien om warm te wees!

Produkte kan by Dudu bestel word.

083 706 5434

6.3.1 Noem VIER materiele/nie-menslike hulpmiddels wat hierdie kleinskaalse-besigheid sal benodig om die produkte in die advertensie te produseer. (4)

3. VOORBEREIDING VIR DIE VRAESTEL

Slegs Graad 12 inhoud sal geassesseer word. Voorafgaande kennis van Graad 10 en 11 mag nodig wees om sommige vrae te interpreteer en te beantwoord.

Op die dag van die eksamen moet leerders:

1. 20 minute voor die aanvang van die eksamen in die eksamenlokaal wees om rustig te raak en maksimum gebruik te maak van die leestyd.
2. Bring ‘n sakrekenaar, pen, potlood, uitveër, liniaal en indien moontlik ‘n “highlight” pen.
3. Lees die vraestel aandagtig deur en “highlight” die kern/sleutelwoorde om te verseker dat jy verstaan wat gevra word.
4. Maak notas van enige gedagtes/woorde waaraan jy dink in verband met sommige onderwerpe. Hierdie gedagtes/ woorde kan die geheue verfris wanneer die vraag beantwoord word.
5. Lees al die instruksies aandagtig deur. Leerders moet bereid wees om hulpmiddels wat onbekend is te gebruik omdat hulle in staat moet wees om hul kennis by enige tipe vraag toe te pas.
6. Bestudeer elke hulpmiddel,bv ‘n spotprentjie,’n grafiek,’n tabel, ‘n illustrasie of ‘n prentjie aandagtig en vra jouself die volgende vrae: “Waaroor gaan dit? Wat sê dit vir my? Met watter deel van my kennis hou dit verband?”
7. Skryf netjies en leesbaar met ‘n swart of blou pen.
8. Vermy sms- of plattaal.
9. Laat ‘n lyntjie oop nadat elke onderafdeling van ‘n vraag (vraag 2 – 6) beantwoord is. Begin die nuwe vraag op ‘n nuwe bladsy en trek ‘n streep om die vraag af te sluit.
10. Laat tyd toe aan die einde van die vraestel om alles deur te lees en enige foute bv spelfoute reg te maak.

4. TIPE VRAE WAT GEVRA KAN WORD

VRAAG 1:
Moet in die EKSAMENBOEK beantwoord word. GEEN APARTE ANTWOORDBALD SAL VOORSIEN WORD NIE. Al die onderwerpe word in hierdie vraag ingesluit.

1.1 Meervoudige keuse vrae

Die totale puntetoekenning vir Vraag 1 is (40), dus sal die totaal vir die meervoudige keuse vrae (20) wees en die punte per onderwerp sal soos volg wees:

Die Verbruiker – 3 punte
Voedsel en Voeding – 5 punte
Kleding – 2 punte
Behuising – 5 punte
Entrepreneurskap – 5 punte

Leerders moet die letter langs die vraagnommer in die EKSAMENBOEK skryf.

Hierdie tipe vraag toets die leerders se kennis van detail, feite en die verband tussen die inhoud. Moenie raai nie, want eksaminators is geneig om die vrae op die onderstaande manier te formuleer:

- Een antwoord is heeltemal verkeerd
- Een antwoord is gedeeltelik verkeerd
- Een antwoord is amper korrek
- Een antwoord iskorrek

Die volgorde van die afleiers sal afwissel en die korrekte antwoord sal nie altyd in dieselfde posisie wees soos in die bogenoemde voorbeeld nie.

Daar kan ook van leerders verwag word om 'n kombinasie van feite soos in die afleiers gespesifiseer, te kies – sien voorbeeld.

Hou die afleiers toe terwyl jy die vraag lees. Probeer om 'n antwoord te kry voordat jy na die opsies wat verskaf word, kyk. Trek 'n streep deur die antwoorde wat beslis verkeerd is.

VOORBEELDE

Een van die mees algemene oorsake van allergiese reaksies:

A Grondbone
B Lemoene
C Rooivleis
D Suiker (Die korrekte antwoord is A)

Uit die onderstaande lys, kies DRIE redes vir die gebruik van voedseladditiewe:

1 Verbeter die voedingskwaliteit van kos
2 Bevorder die groei van mikro-organismes
3 Verhoed dat produkte stol
4 Verbeter die houkwaliteit van voedsel
5 Standardiseer die baktyd van voedsel
6 Verbeter die kleur van voedsel

A 1, 3 en 5
B 2, 3 en 4
C 1, 4 en 6
D 2, 5 en 6 (Die korrekte antwoord is C) (2)

1.2 Pasvrae

Leerders moet ‘n item van Kolom B by ‘n item in Kolom A pas. Slegs die ooreenstemmende letter moet langs die vraagnommer geskryf word. Lees eers die regterkantse kolom (Kolom B) – die kolom het die antwoorde. Lees dan die linkerkantse kolom (Kolom A). Pas dan die items by die definisie/term/stelling.

VOORBEELDE VAN VRAE

1.3 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ‘n term in KOLOM A. Skryf die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.3.1-1.3.5) in jou EKSAMENBOEK.

KOLOM A TERME	KOLOM B BESKRYWINGS
1.3.1 1.3.2	A B C

Gewoonlik sal daar VYF terme/stellings in KOLOM A en AGT beskrywings in KOLOM B wees. Dit mag egter varieer.

Leerder moet soos volg antwoord:
1.3.1 D
1.3.2 B

Moenie lyntjies ooplaat tussen 1.3.1, 1.3.2 ens nie. Gebruik hoofletters.

1.4 Kies die simptoom in KOLOM B wat pas by die voedselverwante-siekte in KOLOM A en die voedsel wat geëet moet word om die siekte te beheer in KOLOM C. Skryf die letter (A-H) en die Romeinse syfer (i-viii) langs die nommer (1.4.1-1.4.5) in jou EKSAMENBOEK.

KOLOM A VOEDSELVERWANTE SIEKTE	KOLOM B SIMPTOOM	KOLOM C VOEDSEL WAT GEÊET MOET WORD OM DIT TE BEHEER
1.4.1 1.4.2		

Leerder moet soos volg antwoord:

1.4.1 C ii
1.4.2 G iv

Moenie lyntjies ooplaat tussen 1.4.1, 1.4.2 ens nie. Gebruik hoofletters saam met die Romeinse syfers. Kolomme B en C moet twee of meer opsies/alternatiewe hê..

1.3. Identifikasie items

Kies die korrekte antwoord uit die gegewe lys – slegs die korrekte, gekose antwoorde moet langs die vraagnommer geskryf word. As meer as die vereiste antwoorde verskaf word, sal GEEN punte toegeken word nie.
Lees die instruksies aandagtig deur om te bepaal watter opsies korrek is.

VOORBEELDE:

1.5 Uit die onderstaande lys identifiseer DRIE instandhoudings-verantwoordelikhede van ‘n deeltiteleienaar. Skryf die letter (A-F) langs die vraagnommer (1.5) in jou EKSAMENBOEK.

A Maak ‘n lekkende kraan in die kombuis reg
B Herstel ‘n gebreekte venster
C Vervang die gloeilamp by die ingang van die kompleks
D Herstel die trappies in die swembad
E Verf die sitkamer
F Lei die grasperk om die swembad nat

Die leerder moet soos volg antwoord:

1.5 A, B, E (Die letters mag in enige volgorde geskryf word)

1.6. Kies die korrekte woord(e) uit die tussen hakies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.6.1-1.6.5) in jou EKSAMENBOEK.

1.6.1 Elke persoon is ‘n (handelaar/verbruiker) omdat ons op een of ander manier goedere en dienste koop.

Die leerder moet soos volg antwoord:

1.6.1 verbruiker
1.6.2 (Moenie lyntjies ooplaat nie)

1.6 Gee die korrekte term

Gee die korrekte term vir die beskrywing. Slegs die korrekte term moet langs die vraagnommer geskryf word. Lees die beskrywings aandagtig deur voordat die korrekte term neergskryf word.

VOORBEELD

1.6. Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord /term langs die vraagnommer (1.6.1 – 1.6.5) in jou EKSAMENBOEK.

1.6.1 Die betaling wat deur die koper of verkoper aan die eiendomsagent gemaak word.

Die leerder moet soos volg antwoord:

1.6.1 Agent se kommissie
1.6.2

Moenie lyntjies ooplaat nie.

WAAR/VALS vrae en WOORDE WAT WEGGELAAT WORD vrae sal nie gevra word nie.

VRAAG 2 - 6

Moet in die EKSAMENBOEK beantwoord word. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy en sluit die vraag af deur ‘n streep oor die bladsy te trek. Onthou om ‘n lyn oop te laat nadat elke onderafdeling van die vraag beantwoord is.

Hierdie vrae vereis kort of langer antwoorde.

Kort antwoord vrae:

Hierdie vrae toets die leerder se vermoë om kort bondige antwoorde te gee. Sleutelwoorde en frases is baie belangrik. Die puntetoekenning gee ‘n aanduiding van hoeveel inligting vereis word.

Vermeld/maak melding van: gebruik as die antwoord ‘n stelling of sin moet wees.
Noem: Gebruik wanneer die antwoord een woord of ‘n lys van items moet wees.
Gee: Gebruik wanneer die antwoord ‘n rede of ‘n voorbeeld moet wees.
Identifiseer: Een of meer woorde

Langer antwoord vrae:

Hierdie vrae vereis dat leerders hulle eie opinie lug en kom voor in al die vrae behalwe Vraag 1.
Hierdie vrae mag met frases soos die volgende begin: “Gee jou opinie/siening oor…”, “Verduidelik waarom…”, “Bespreek waarom…”, “Analiseer…” of “Evalueer…”
Die eksaminators toets nie net die leerders se kennis van die vak nie, hulle toets ook die vermoë om te verstaan, interpreteer, toe te pas en om te redeneer – dit is waarom leerders dikwels gevra sal word om iets in hulle eie woorde te verduidelik of te motiveer..

Hieronder volg sommige terme wat in die lang antwoord vrae gebruik word plus wenke om dit te beantwoord.
Vergelyk: Beskryf albei situasies en toon die verskille en ooreenkomste tussen hulle. Hierdie vraag kan ook in tabelvorm beantwoord word bv

KRITERIA	ANOREXIA	BULIMIA
1. Beskrywing 2. Oorsake		

NB. As die leerders nie in tabelvorm beantwoord nie sal een punt afgetrek word.

'n Ander moontlikheid is dat die leerders 'n kort paragraaf skryf om die verskille en ooreenkomste van die gesondheidstoestande te vergelyk.

Definieer: 'n Kort beskrywing word vereis bv Definieer GI. Leerders moenie sê waarvoor GI staan nie, maar wat dit beteken.

Bespreek: Oorweeg die argument vir en teen die konsep wat in die vraag aangebied word. Leerders moet albei kante van die saak stel en dan 'n gevolgtrekking maak. Hierdie is 'n voorbeeld van uitgebreide skryfwerk waar leerders 'n paragraaf moet skryf.

Beskryf: Maak 'n lys van die hoofeienskappe of gee 'n rede/verklaring vir iets. Leerders mag dalk meer moet doen as om net die idee in die vraag te beskryf. Vir die hoër kognitiewe vlak moet hulle ook krities na die idee kyk.

Verduidelik: Interpreteer, maak duidelik en sê presies wat die idée in die vraag is. Leerders kan 'n voorbeeld gebruik om te verduidelik wat hulle van die idée verstaan. Gee redes vir verskille in opinies en probeer om oorsake te analiseer.

Verdedig/regverdig: Leerders moet bewys of redes vir besluite of gevolgtrekkings of stellings gee. 'n Logiese argument moet aangebied word. Die leerder se argument kan vir of teen die gevolgtrekking/stelling wees (positief of negatief). DIe memorandum moet voorsiening maak vir albei standpunte (positief en negatief).

Skets/Gee die hoofpunte: Gee 'n opsomming, noem slegs die hoofpunte en laat die minder belangrike detail weg. Dit word gewoonlik vereis as die leerders 'n lys moet maak van die stappe in 'n idee. 'n Bondige definisie van elk van die stappe is noodsaaklik.

Analiseer: Leerders moet die idée in detail ondersoek en moet die wesenlike of struktuur van die idée toon. Dikwels sal die gevalle studie melding maak van twee produkte/idees. As die instruksie aandui dat die leerders slegs een moet analiseer/staaf, sal geen punte toegeken word as albei geanaliseer word nie.

Evalueer: Leerders moet die idée assesseer of takseer. Neem positiewe en negatiewe aspekte in ag. Gee redes vir gevolgtrekkings of besluite. Die memorandum moet voorsiening maak vir albei argumente/standpunte (positief en negatief).

Analiseer krities: Leerders moet die inligting skei, ondersoek en krities interpreteer. Die leerders moet hul menings oor die teorie, gebaseer op die bewyse wat hulle het, aanbied (positief of negatief). Die memorandum moet voorsineing maak vir albei argumente (positief en negatief).

Skep/Ontwerp: Die leerders moet inligting/data gebruik om te voorspel/beplan.

Stel voor: Die leerders moet idees/planne om iets te verbeter, verskaf. Hulle moet ook redes vir die planne/idees gee.

Adviseer: Gee advies om die huidige idee/probleem te verbeter/stel iets nuuts/beter voor.

Bewys/staaf: Gee grondige redes om 'n stelling te bekragtig/verifieer.

Vir Vraag 2 – 6 is die puntetoekenning gewoonlik 'n aanduiding van hoeveel feite jy moet neerskryf. EEN punte sal vir EEN feit toegeken word.

Paragraaf –tipe antwoorde moet in volsinne geskryf word. EEN punt sal afgetrek word as dit nie in 'n paragraaf geskryf is nie.

Leerders moet die hoër kognitiewe vrae in volsinne beantwoord. GEEN punte behoort toegeken te word as die leerders slegs een woord antwoorde neerskryf nie.

ASSEBLIEF: NEEM KENNIS:
Neem asseblief kennis van die onderstaande verskille in vertaling wat verwarring en probleme kan veroorsaak:

ONDERWERP	Bladsy nr	KBVS ENGELS	KBVS AFRIKAANS	HANDBOEKE
Die Verbruiker	p 36	A warranty and a guarantee	'n Waarborg en 'n vrywaring	Die Afrikaanse handboeke verwys slegs na 'n waarborg vir 'n "warranty" en 'n waarborg
Kleding	P 33	Brand piracy	Ongeoorloofde gebruik van handelsmerke	Focus/Verken: "handelsmerkplagiaat" Suksesvolle V Studies: "handelsmerkrowery"